

DIE VOORTREKKERS TRANSVAAL SE KANTOORBESTUURDER IZELLE RYAN



Ek is getroud met Jonathan Ryan (8 Jaar in Maart 2017).
Ons het twee (2) Kinders te wete: Edward 5 Jaar en Marzel 3 Jaar

Ek's gebore in 'n Voortrekker gesin en was reeds op my eerste Voortrekker kamp op 3 maande, het ook in 2000 die Presidents Verkenner toekenning verwerf, Was 'n paar jaar as staatsmaker betrokke, voordat ons na 'n ander deel van Pretoria getrek het. My suster, Martie Bergh en haar gesin is tans betrokke by Suiderkruis kommando.

Ek was gebore in 1 Militere hospitaal, Pretoria op 27 Desember 1981 (ek was blykbaar bietjie oorhaastig en wou nie wag vir nie).

Ek is die afgelope 8 jaar betrokke in 'n familie besigheid en het aansoek gedoen vir die kantoorbestuurder pos op soek na 'n nuwe uitdaging. Die feit dat die pos my in 'n posisie sal stel om 'n verskil te maak in mense se lewens is 'n addisionele bonus. Ek glo dat indien ek my goed van my taak kwyt, ek ander se hande sterk maak om 'n verskil in ons jeug se lewens te maak. Ek het self eers die waarde van die blootstelling wat ek in Die Voortrekkers gekry het besef op Universiteit.

Organisasies soos Die Voortrekkers is ongelooflike belangrik in on huidige samelewing, in my opinie.

Ek is 'n regte moederhen. My lewe draai om my gesin en enige aktiwiteit wat ek saam met my gesin kan geniet is vir my wonderlik. Of dit is om op Saterdagoggend te gaan parkrun, of die kinders te vat vir 'n uitstappie na die dieretuin of sommer net by 'n vloeimark gaan rondloop. In enige ekstra tyd wat ek beskikbaar het hou ek van lees (enige iets van ouerskapboeke tot besigheidsboeke tot 'n lekker roman) en 'n groot bederf is om op rare geleentheid kans te kry vir "scrapbooking".